



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

ASSESSMENT & EXAMINATIONS

Bundy Park, Schornville, KWT * Private Bag X 4571, KWT, 5600
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA, Website: www.ecdoe.gov.za

NSC 2011 CHIEF MARKER'S REPORT

SUBJECT	Afrikaans Huistaal (AFRHT)		
PAPER	(2)		
DATE OF EXAMINATION:	2 November 2011	DURATION:	Twee (2) uur

SECTION 1:


(General overview of Learner Performance in the question paper as a whole)

Die kandidate het hierdie jaar definitief beter gevaaar as vorige jaar. Daar was ook heelwat meer gemiddelde A's as vantevore. Hierdie tendens kan toegeskryf word aan:
'a) n vriendeliker memo en ook omdat die voorgeskrewe werke nie meer nuut is vir die onderwysers nie.
b) Daar is ook baie aandag gegee aan die kognitiewe denkvlakke van die vraestel – dus het alle kandidate gebaat.

AAN ONDERWYSERS:

- 1.BAIE BELANGRIK – Onderrig volgens NKV- dokument.
2. Werk volgens die eksamenriglyne wanneer eksamens, take en toetse opgestel word.
3. Gebruik vorige matriekvraestelle en September vraestelle as voorbeeld van die vraagstellings wat leerders kan verwag.
Gaan kyk na Barret en Bloom se taksonomieë en gebruik die "aksie-woorde" (kontrasteer, beoordeel,motiveer,ens.)in toetse en eksamens
4. Sorg dat leerders die volgende weet:
 - 4.1. Elke vraag op 'n skoon bladsy.
 - 4.2. Laat reël oop tussen antwoorde.
 - 4.3. Kies 2 gesiene gedigte en 1 ongesiene gedig.
 - 4.4. 1 Kontekstuele vraag en 1 opstelvraag.
 - 4.5. Leer hulle om 'n opstel te beplan. (struktuur)
 - 4.6. Inleiding en slot is baie belangrik.- in aparte paragrawe.
 - 4.7. Leerders moet alle literêre begrippe ken.

* Merk ook volgens die nasienriglyne soos vervat op bl.2 van die memorandum.



SECTION 2:

Comment on candidates' performance in individual questions
(It is expected that a comment will be provided for each question on a separate sheet).

QUESTION 1
(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?
Die meeste leerders vermy hierdie vraag. Die punte het gewissel tussen goed na sleg.Die eerste twee kapstokke se antwoorde was haalbaar.Kapstokke 3 en 4 was moeiliker en min leerders kon hier punte kry.
(b) Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.
Leerders ken nie die verskil tussen 'n feit en gemotiveerde feit nie,bv. die uiterlike bou vra net vir 2 feite. Die leerder kan dus die feite net noem. By die tweede kapstok, moet hy sy feit uitbrei. Dan is dit gemotiveerd. Leerders kom nie by die ironie in die gedig uit nie. So ook nie die stemming by woordkeuse en klank nie.
(a) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning
Onderwysers moet leerders leer wat 'n gemotiveerde feit is – jy moet jou stelling dus uitbrei en/ of bespreek.
By ironie moet beide kante van 'n saak genoem word
Wanneer 'n gedig behandel word, moet daar aandag gegee word aan woordkeuse en klank wat stemming kan beïnvloed (sien NKV bl.35)
(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners
In sommige eksamensentrums word daar deeglike werk gedoen, maar daar is nogsteeds sentrums wat hul leerders in die steek laat. Hierdie kandidate skryf die gedig net so oor. Daar is steeds 'n gebrek aan die struktuur van die opstel. Die feit dat inleidings/slotte ontbreek veroorsaak dat leerders onmiddellik op 'n laer kategorie bepunt word.
e) Any other comments useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.
Onderwysers moet wéér gaan kyk na wat die NKV vra. Dit is tog waaruit 'n vraestel opgestel word. Leer die leerders om die vraag volgens die kapstokke – in paragrawe – te beantwoord. Gemotiveerde feite vra dat die stelling van die kandidaat bespreek word en wil nie net genoem word nie.

QUESTION 2

- (a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?

Die oorgrote meerderheid van die kandidate het hierdie vraag beantwoord. Oor die algemeen het die leerders hier nie sleg gevrees nie. Gemiddelde punt van 5

- (b) Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.

2.1. Leerders steur hul nie aan die opdrag van 'n woord / frase nie.

2.4. Hierdie vraag se afleiers was nie korrek nie. Dus is die punte eenvoudig aan die kandidate toegeken.

2.5. Die leerders het die allitererende klanke hier aangetoon i.p.v. om te sê hoe die alliterasie bydrae tot die rusie, verweer, konflik ens.

2.6. Leerders kan nie die verskil tussen hierdie gedig en die sonnet se uiterlike bou aandui nie.

2.8. Kandidate het nie geweet watter aanklag teen huisgesinne kom in die gedig voor nie.

- (c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning

Leerders moet leer om opdragte uit te voer.

- (d) Describe any other specific observations relating to responses of learners

2.8. Het vir pragtige opdragte gesorg.

Leerders ken nie tegniese aspekte soos alliterasie, bou van sonnet, stylfigure en beeldspraak nie.

- (e) Any other comments useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.

Leer kandidate wat die verskil tussen 'n sin en frase is.

Kandidate moet onderrig word in die spesifieke funksie van halfrym in 'n gedig.

Kandidate moet die verskillende bouvorme van 'n sonnet ken.

QUESTION 3

- (a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?

Minder leerders het hierdie vraag gedoen. Kandidate het oor die algemeen swakker in die vraag gevaaar.

- (b) Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.

3.2. Wéér het leerders hul nie hier aan die opdrag gestuur nie. Die vraag vra vir 'n "frase"

3.3. Leerders lees nie die vraag nie. Hul omskryf wat inkeping is, maar kom nie by die funksie uit nie.

3.6. Ironie was wéér 'n probleem. Beide kante van ironie moet genoem word.

3.8. Die funksionaliteit van die rympatroon het leerders nie verstaan nie.

- (c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning

Kandidate moet geleer word hóé om 'n vraag te lees/ te ontleed.

'n Moontlike rede waarom leerders so swak gevaaar het, is natuurlik omdat hulle nie goed voorbereid was nie. Antwoorde wat handel oor die struktuur van die gedig, wat 'n graad 12 leerder behoort te weet, kan hulle nie beantwoord nie.

Leerders verloor onnodige punte wanneer hulle gevra word om 'n woord of frase te skryf, dan haal hulle die versreël aan. (soos by 3.2)

- (d) Describe any other specific observations relating to responses of learners

Leerders van sommige skole volg nie instruksies nie.

Leerders verloor punte by vroeë oor "ironie". Beide kante van ironie moet genoem word.

- e) Any other comments useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.

Leer die funksies /rede vir gebruik van stylfigure, beeldspraak, intertekstualiteit.

Kandidate moet onthou dat beide kante van ironie genoem moet word om 'n punt te kan kry.

Leer die funksionaliteit van die rymsoort/ patroon by 'n spesifieke gedig vir die leerders.

Onderwysers moet maar altyd terug gaan na die NKV en wat onderrig moet word.

QUESTION 4

- (a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?

Die meeste leerders het hierdie vraag beantwoord en goed hierin gedoen.

- (b) Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.

4.2. Om een of ander rede het sommige kandidate hierdie vraag verkeerd geïnterpreteer en dan reëls 3 en 4 as antwoord gegee.

4.6. Hierdie vraag is in sommige skole glad nie onderrig nie. Tydens die behandeling van die gedig, moet strofebou/ tipografie gedoen word.

- (c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning

Tipografie en strofebou moet onderrig word.

- (d) Describe any other specific observations relating to responses of learners

4.8. Het baie mooi antwoorde opgelewer en ook baie komiese antwoorde

- (e) Any other comments useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.

Probeer om spesifiek te wees met areas wat gedek moet word wanneer leerders 'n gedig moet studeer. Dit is duidelik dat leerkragte 'n magdom van moontlike vrae oor een gedig aan leerders verskaf. Dit raak 'n uitdaging vir leerders wanneer hulle moet studeer.

QUESTION 5

- (a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?

Die kandidate wat wel by die kapstokke gehou het, het goed gevaaar.

Daar is wel nog kandidate wat die kapstokke ignoreer en die gedig net in hul eie woorde oorvertel.

- (b) Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.

Kandidate wat hierin swak gevaaar het, het die kapstokke geïgnoreer.

(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning
Vir die ongesiene gedigte moet die leerders 'n grondige kennis van poësie- elemente hê.
(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners
Leerders het nie instruksies gevolg nie en het die hele gedig in hul eie woorde oorvertel. Leerders ken nie stylfigure en hul funksies nie. Daar is steeds 'n gebrek aan struktuur by opstelvrae. Leerders sukkel met "gemotiveerde feit", want hul brei nie hul antwoord uit nie.
e) Any other comments useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.
Poësie –elemente moet deeglik onderrig word.
QUESTION 6
(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?
Baie kandidate het hierdie vraag gedoen. Die kandidate het vanjaar ook hierin beter gevaar. Daar was verskeie kandidate wat volpunte verdien het.
(b) Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.
6.2. Het vir sommige leerders probleme geskep 6.6. Hier het leerders 'n definisie gegee i.p.v. funksie. 6.9. Vraag is vaag gestel. Dit spesifiseer nie. Dit moes liewer sê om slegs na "strofe 4" te verwys.
(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning
Die funksies van die verskillende poësie- elemente moet deeglik onderrig word. Leerders moet daarna die geleentheid kry om dit toe te pas.
Kandidate moet hul vrae sorgvuldiger lees.
Kandidate moet verder ook onderskei tussen stylfigure en beeldspraak.
(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners

e) Any other comments useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.
Die funksie van die onderskeie poësie –elemente moet deeglik onderrig word.
Maak seker leerders kan tussen stylfigure en beeldspraak onderskei.
QUESTION 7 DIE KWART – VOOR-SEWE-LELIE (OPSTELVRAAG)
(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?
Vraag 7 was beslis moeilik. Hierdie vraag was baie swak beantwoord. Die leerders het by die antwoorde van die eerste 2 kapstokke uitgekom, maar verskriklik gesukkel met die laaste 2 kapstokke.
(b) Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.
Leerders het die verhaalinhou breedweg geken, maar kan dit nie beantwoord volgens die vraagvereistes nie. Leerders ken nie die begrippe "kontrastreer", "beoordeel" of "motiveer" nie. Vraag 7 se laaste 2 kapstokke vereis dat leerders moet skryf oor die kontraste tussen karakters se keuses- hulle noem die keuses, maar vind dit moeilik om te kontrasteer met ander karakters. By die beoordeling moes hul genoem het of die keuse goed/sleg was en moes dit motiveer. Enkele leerders kon hierdie gedeelte beantwoord. Hierdie 2 kapstokke het 9 punte getel en min leerders het hierdie punte gekry.
(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning
Die onderwysers moet die leerders onderrig hoe om 'n opstelvraag te beantwoord. Begrippe soos kontras, beoordeel, ironie en motivering moet dalk nog meer aandag geniet. Leerders ken steeds nie die basiese storie nie. Leer leerders om 'n inleiding en slot in aparte paragrawe te skryf. By die opstelvraag moet leerders die vrae ontleed voordat hulle dit beantwoord. Leerders brei nie uit nie – voorgeskrewe vereis dit! Leerders moet geleer word om uitsprake oor die inhoud van die boek te kan maak en dit te kan motiveer.

(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners

Leerders skryf nie inleiding en/ of slot nie.
Leerders gebruik opskrifte en kapstokke. Hulle beantwoord nie die vrae nie.
Sekere leerders ken nie die storie nie.
Leerders verontagsaam opdragte, bv. in keuse van watter vrae hulle moet doen.
Sekere leerders doen nogsteeds 2 kontekstuele vrae, i.p.v. 1 kontekstuele en 1 opstelvraag.
25 punte word onnodig weggegooi.
Leerders steur hul nie aan taal- en spelreëls nie.

e) Any other comments useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.

Beklemtoon by opstelvrae: *Inleiding en slot (aparte paragrawe), paragrawe en struktuur.
Sorg dat leerders die verhale ken- skryf gereeld toetse oor inhoud van die boek.
Hierdie inligting moet na alle skole deurgevoer word.
Daar moet interaksie tussen die verskillende skole plaasvind.
Daar is selfs 'n aanbeveling dat daar 'n kursus deur die eksaminator gereël word om onderwysers op te lei oor die opstel, skryf en nasien van opstelvrae.

*Vir die swakker leerder kan geleer word dat hy die vraag weer kan gebruik vir die inleiding en slot. Omvorm die vraag tot 'n stelling.

Kandidate moet onthou dat die slot en inleiding verband moet hou met die vraag.
Onderwysers kan hul sterk laat lei deur die September- vraestel.

QUESTION 8 DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE (KONTEKSTUEEL)

(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?

Die leerders het baie beter gevaa in die kontekstuele vraag.
Daar is 'n verspreiding van swak tot goeie punte.
Vraag 8.1 tot 8.4 was die beste beantwoord
8.6. - veelkeusige vrae is redelik goed beantwoord.
8.9. was meestal korrek.
8.10 en 8.12-8.16. is swak beantwoord.
Baie leerders het net teks 1 beantwoord en glad nie teks 2 nie.
13 punte is hierdeur weggegooi.

(b) Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.

8.6. Baie leerders het hier opgehou. 'n Groot spasie op vraestel (bl.15).

Vraag 8.7 gaan dan op volgende bladsy aan.

13 punte is dus glad nie beantwoord nie.

8.10- moeilike vraag – Die vraag is nie voor die handliggend nie. Selfs die memorandum brei nie uit oor al die moontlike antwoorde nie. Daar moes dalk aangedui gewees het dat leerders na enige ander voorbeeld kan verwys.

8.12. leerders het die vraag verkeerdelik gelees en het voorbeeld uit die res van die roman gegee i.p.v. "in hierdie gebeure"

8.13. leerders sukkel met die konsep "ironie" – hul noem slegs die een gedeelte van ironie en verloor so punte.

(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning

Leerders moet alle bladsye deur lees en seker maak van die aantal punte wat die vraag tel.

Leerders moet hou by term "Waar of Onwaar" en nie vervang met "Ja of Nee" nie.

Verduidelik konsepte soos "ironie", "kontras".

Waar daar "Ja of Nee" vrae gestel word, tel die motivering 2 punte.

Leerders moet dus hul antwoorde volledig motiveer. Die Ja/ Nee verdien geen punte nie.

(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners

Daar is steeds leerders wat vrae nie reg nommer, of selfs glad nie nommer nie.

Leerders verontagsaam opdragte, bv. watter keuse vrae gedoen moet word.

Taal –en spelfoute is steeds nog te veel.

e) Any other comments useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.

Leerders moet meer as net die basiese verhaalgegewe ken.

Hulle moet die verskil tussen "bespreek", "kontrasteer" en "beoordeel" ken.

Skryf gereeld klastoetse om die inhoud van boek te toets.

Die NKV dui baie duidelik aan wat verwag word.

QUESTION 9

(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?

Die opstelvraag is swak beantwoord, want die vrae is nie korrek verstaan nie.

'n Gemiddelde punt van 7 uit 25 is behaal.

(b) Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.

Net die eerste 2 kapstokke se antwoorde kon die leerders verskaf.

Die laaste 2 kapstokke wat vereis dat leerders moet kontrasteer en beoordeel, was nie beantwoord nie.

Leerders weet duidelik nie wat hierdie terme beteken nie.

Sekere leerders skryf steeds die hele storie oor en baie herhalings kom voor.

(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning

Terme soos "kontrasteer", "beoordeel", "motiveer" moet aan leerders verduidelik word en voorbeeld van soortgelyke vrae moet in klastoetse /take aan leerders gestel word.

(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners

Inleiding en slot is belangrik by die opstelvraag. Dit moet by die vraag aansluit en in aparte paragrawe geskryf word.

e) Any other comments useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.

Onderwysers moet volgens NKV en eksamenriglyne werk.

Terwyl die werk behandel word, moet daar vergelykings, kontraste tussen verskillende karakters en/of handelinge getref word.

Laat leerders ook ordele uitspreek oor handelinge/ gebeure in die roman.

QUESTION 10 MANAKA, PLEK VAN DIE HORINGS – (KONTEKSTUEEL)

(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?

Baie min sentrums doen hierdie boek./ novel.

Leerders wat hul werk ken, het goed gevaaar.

'n Gemiddelde punt van 11 is behaal.

(b) Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.

10.1 tot 10.5 – Vrae was voor die handiggend. Leerders wat hul werk ken, kon dit beantwoord.

10.6. – leerders het maklik hul punte behaal- dit is ook 'n vraag wat maklik gemerk het.

10.12.3. –ironie –leerders kon nie hierdie vraag beantwoord en 2 punte behaal nie. Leerders noem nie albei kante van ironie nie. Dié tipe vrae tel 2 of 0 punte.

(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning

Leerders moet die voorgeskrewe boeke lees en nie na oorvertellings luister nie.

Daar is steeds leerders wat deurmekaar raak met die karakters van die verskillende boeke.

(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners

Leerders wat swak gevaar het in die vraag het die vrae nie reg gelees of hul ken nie die inhoud van die boek nie.

Moontlike verkeerde interpretasies van vrae kan ook bydrae tot swak punte.

10.6. is goed beantwoord.

e) Any other comments useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.

Onderwysers moet hou by die NKV en eksamenriglyne. Gereelde toetsing sal ook verseker dat leerders die inhoud van die boek goed ken.

QUESTION 11 VATMAAR (OPSTELVRAAG)

(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?

Leerders doen baie swak in hierdie roman.

Al is die boek deur die Departement voorgeskryf, is dit baie onbillik om hierdie werk te doen.

Daar is 139 karakters waarna gekyk moet word!

(b) Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.

Die langvraag is vanjaar ook in die onderskeie denkvlekke opgestel. Die oorgrote meerderheid van die leerders kan net denkvlekke 1 en 2 se kapstokke beantwoord.

Die leerders vind dit moeilik om keuses te kontrasteer.

Min leerders weet hóé om 'n waarde-oordeel uit te spreek.

(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning

Onderwysers moet leerders verskillende karakters/ handelinge met mekaar vergelyk, kontrasteer en 'n oordeel daaroor kan uitspreek.

Kyk na die "hoofwoorde" by Barret en Bloom se taksonomieë.

(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners

Sien kommentaar by alle ander opstelvrae.

e) Any other comments useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.
Pas Bloom en Barret se taksonomiee toe in die klas tydens die bespreking van die romans en klastoetse. Sodoende leer die leerders wat is dit om te vergelyk, te kontrasteer en 'n oordeel uit te spreek.
QUESTION 12 VATMAAR (KONTEKSTUEEL)
(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?
Die kandidate het beter in die kontekstuele vraag van die roman gedoen as die opstelvraag. In vergelyking met die ander romans se kontekstuele vrae, waar die kandidate van hierdie roman egter swak. Die indruk word gekry dat die leerders nie die inhoud van die boek ken nie.
(b) Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.
12.4. Kandidate kan nie die titel by oom Andi se handeling uitbring nie. Die ontleding van die titel is tog die eerste ding waarby uitgekom moet word.
(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning
Wanneer daar met 'n roman begin word, moet die titel ontleed word. Daarna moet karakters se handelinge telkemale daaraan vasgemaak word.
(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners
Wanneer daar met 'n roman begin word, moet die titel ontleed word. Daarna moet karakters se handelinge telkemale daaraan vasgemaak word.
12.7 het leerders maklik gevind en ook goed daarin gevaaar.
e) Any other comments useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.
*sien (C)

QUESTION 13 KRISMIS VAN MAP JACOBS (OPSTELVRAAG)

- (a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?

Leerders het beter gevaa in hierdie opstelvraag as in die opstelvraag van Kwart-voor-sewe-lelie
Dit is dieselfde opstelvraag vir alle novelle en dramas ,maar sekere boeke leen hulle vir
beter beantwoording van hierdie vraag.

Leerders het goed gevaa in eerste 2 kapstokke.

By kontras en beoordeling van Map se keuses het slegs enkele uitgekom.

- (b) Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.

Dit is duidelik dat leerders die inhoud/verloop van drama goed ken,maar hulle begryp nie die
vrae en verstaan nie konsepte soos "kontras", "beoordeel", "motiveer" nie.

- (c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning

Terme soos "kontrasteer", "beoordeel", "motiveer" moet aan leerders verduidelik word en
voorbeeld van soortgelyke vrae moet in klastoetse /take aan leerders gestel word.

- (d) Describe any other specific observations relating to responses of learners

Sien kommentaar by alle ander opstelvrae.

- (e) Any other comments useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.

Daar is steeds sentrums waar leerders beide kontekstuele vrae beantwoord en so 25 punte
verbeur.

QUESTION 14 KRISMIS VAN MAP JACOBS (KONTEKSTUEEL)

- (a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?

Leerders vaar oor die algemeen beter in kontekstuele vrae as in opstelvrae.

Leerders wat die inhoud van die boek ken, het beter as ander gevaa

Laagste punt uit 25, was 5. Hoogste was 25

Gemiddelde punt vir hierdie vraag is 14.

14.9. was goed beantwoord. Dis duidelik dat die leerder hierdie tipe vraagstelling geniet.

(b) Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.
14.2.1. en 14.2.2. vind leerders verwarring- hulle ruil die antwoorde om.
14.3. min leerders het die antwoord reg- hulle ken nie die konsep "neweteks/toneelaanwysings" nie.
14.8.1. Leerders weet nie wat "sosio-maatskaplik" en 'polities" is nie. Die meerderheid kon slegs 1punt vir hierdie antwoord kry.
14.11.1 en 14.11.2. oorvleuel.Die vrae is verwarring en die antwoord is omtrent dieselfde. Leerders het by beide vrae dieselfde antwoorde wat daarop duif dat die vraag nie duidelik gestel is nie.
(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning
Verduidelik aan leerders begrippe soos"neweteks", "milieu", "ironie", soos uiteengesit in NVK bl.35
(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners
Leerders moet vrae volledig beantwoord om te verseker dat hul die maksimum punte behaal.
14.4. albei aspekte van ironie moet genoem word om 2 punte te kry. Leerders gee elke keer net 1gedeelte en verloor sodoende punte.
Vrae oor "ironie" en "motivering" tel 2punte. Leerders kry dus 2 of 0.
e) Any other comments useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.
Gereelde toetsing van inhoud moet plaasvind.
Klastoetse en take moet dieselfde formaat van eindeksamen vraestelle aanneem.
Gebruik ook die September-eksamen vraestel as voorbeeld.
Vraagstelling moet soortgelyk wees sodat leerders oefening kry met beantwoording van hierdie vrae.
Klasonderwysers moet gebruik maak van NKV-dokument en eksamenriglyne.
QUESTION 15 MIS (OPSTELVRAAG)
(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?
Mis se opstelvraag was die beste van al die opstelvrae.
Dit kan toegeskryf word aan die feit dat die drama so min karakters het.
Die drama lees dus makliker en is makliker om te verstaan.
Dit was weereens die kontraste tussen die keuses en die beoordeling van keuses wat die leerders gepootjie het.

(b) Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.
Dit is duidelik dat leerders die inhoud/verloop van drama goed ken, maar hulle begryp nie die vrae en verstaan nie konsepte soos "kontras", "beoordeel", "motiveer" nie.
(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning
Terme soos "kontrasteer", "beoordeel", "motiveer" moet aan leerders verduidelik word en voorbeeld van soortgelyke vrae moet in klastoetse /take aan leerders gestel word.
(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners
Sien kommentaar by alle ander opstelvrae.
e) Any other comments useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.
Sien kommentaar by alle ander opstelvrae.
QUESTION 16 MIS (KONTEKSTUEEL)
(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?
Hierdie kontekstuele vraag was die beste beantwoord. Leerders wat hul werk ken, het goed gevaaar. 'n Gemiddelde punt van 16 uit 25 is behaal. Leerders wat swak gevaaar het, het so gedoen omdat hulle die vrae misverstaan het of nie hul werk geken het nie. Vrae was byna almal voor die handliggend.
(b) Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.
16.2.1. Leerders ken nie terme soos "neweteks/ toneelaanwysings" nie – hulle beskryf liewer wat in die kursiefgedrukte woorde gedoen word. 16.2.3. Leerders ken nie die begrip "sosio-kultureel" nie en kon dus nie die antwoord gee nie. 16.3. Verkeerde interpretasie van vraag – leerders beskryf eerder wat Gertie doen. 16.6.2. Leerders het nie die vraag verstaan nie.- Baie min het dit reggekry. 16.7. Was 'n maklike vraag, 4 punte was maklik behaal. 16.10. ironie- baie leerders sukkel met hierdie tipe vrae. Hul noem nie beide kante van die ironie nie en verloor so 2 punte. Hierdie vrae tel 2 of 0.

(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning

Leerders moet die inhoud van hul voorgeskrewe boeke ken en nie na oorvertellings luister nie.
Gereelde klastoetse/ take sal verseker dat leerders beter vaar.

(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners

Leerders wat swak gevaar het in die vraag het die vrae nie reg gelees of hul ken nie die inhoud van die boek nie.
Moontlike verkeerde interpretasie van vrae kon ook bydrae tot swak punte.

e) Any other comments useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.

Onderwysers moet hou by die NKV en eksamenriglyne. Gereelde toetse sal ook verseker dat leerders die inhoud van die boek goed ken.

SIGNATURE OF CHIEF MARKER: M. Jordaan



SIYASEBENZISANA/ WORKING TOGETHER/ SAMEWERKING
Quest for Excellence through high powered performance